# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079 E-mail: admin@lydlaer.co.za
Posbus/P.O Box 5
Lydenburg 1120

Omsendbrief 8 van 2022

10 Maart 2022

Geagte Ouers

1. **DAGROOSTER: 14 – 16 MAART 2022**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 1 |
| Dinsdag | - | Dag 2 |
| Woensdag | - | Dag 3 |
| Donderdag | - | Skool gesluit |

2. **FOTO'S**
**DIE BESTELLINGS van die foto's SLUIT OP WOENSDAG, 16 MAART 2022.**

3. **SKOOLTYE**
Die skool sluit op **Woensdag, 16 Maart 2022 om 13:30 (Seniors) en 13:15 (Juniors)** vir die skoolvakansie. **Die skool is gesluit op Donderdag, 17 Maart 2022** weens die feit dat die personeel betrokke is by die rugby-en netbaltoere.

Die skole open weer vir die nuwe kwartaal op **Dinsdag, 05 April 2022.**

4. **SPORTTOERE**
Die volgende netbal- en rugbytoere vind plaas op die onderstaande datums:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Rugby: | | 0/11 - 0/13 | Volksrust | 16 - 19 Maart |
| Netbal : | | 0/13A | Sun City | 11 - 14 Maart |
| | | 0/10 A & B | Middelburg | 17 - 18 Maart |
| | tot | 0/13 A & B | Middelburg | 17 - 18 Maart |

Ons wens julle alle sterkte toe en geniet die toer.

5. **SKOOLGELD**
Let asseblief daarop dat skoolgeld **vooruitbetaalbaar** is. (Graad R – 7). Skoolgeld is betaalbaar **voor die 7de van elke** maand. Indien **AL u skoolgeld voor 31 Maart 2022 betaal** is, kry u 10 % afslag op die totale bedrag.

**LET ASSEBLIEF DAAROP DAT U MET ELKE INBETALING DIE VERWYSINGS-NOMMER SOOS OP DIE REKENING WAT U MAANDELIKS ONTVANG, MOET GEBRUIK! MOET ASSEBLIEF NIE NET U KIND SE NAAM GEBRUIK NIE, DAAR IS BAIE KINDERS MET DIESELFDE NAME.**

7. **MPUMALANGA-ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE**
Baie sterkte aan die 19 leerlinge wat eerskomende naweek 12 Maart in Secunda aan die Mpumalangakampioenskappe gaan deelneem Betrokke leerlinge het reeds briewe ontvang. Ouers is self verantwoordelik vir die vervoer.

8. **VERKEER!!!**

Verkeer om die skool is primêr die verkeersdepartement se verantwoordelikheid. Ons as skool wil graag help om die vloei van die verkeer te verbeter.

Ouers wat verkeerd parkeer en enige plek stop is tans ons grootste probleem. Dit veroorsaak 'n gevloek en bakleiery in die strate voor die skool en skep 'n baie swak indruk by omstaanders. Ongeduld is een van die grootste probleme.

Ons is opsoek na ouers wat ons wil help om die probleem op te los. As jy bereid is om te help, skakel asseblief vir Annalize by die kantoor by 013 235 2077 en gee jou besonderhede. As ons genoeg name het sal ons vergadering hou en 'n plan bespreek oor hoe om die probleem op te los.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**